Ons Vaderland.

30 Oktober, 1929.

# Skaf die hele D.P.W. af, sê mnr. Moerdyk

## 'Set Klein Administratiewe Liggaam in sy plek'

### Laat skeppende werk deur private Argitekte doen. Dit sou veel goedkoper en beter werk, sê hy

Naar aanleiding van 'n artikel "'n Eie Boustyl Verlang", wat Maandag, 28 Oktober, in "Ons Vaderland" verskyn het, het een van ons verteenwoordigers 'n onderhoud gehad met die bekende argitek, mnr. Gerard Moerdyk, A.R.I.B.A.

Hy het gesê dat hy gemelde artikel gelees het, en aangenaam verras is om te sien dat die Departement van Openbare Werke in die toekoms in die rigting van 'n eie boustyl gaan werk.

"Ek is éen van die", het hy verklaar, "wat al dikwels my stem laat hoor het oor die verkeerdheid van ons stelsel, namelik om alle Regeringswerke te laat ontwerp deur éen enkele departement. Vir iedereen wat iets van die saak afweet, is dit amusant om die verdediging in uw koerant te lees. So ewe naïef kom daar uit 'lees wat Londen sê op 22 Oktober 1926'. Dit is juis een van die foute—Londen moet ons vertel wat 'n passelike styl vir Suidafrika is. Londen het gepraat, laat dus geen hond blaf nie."



Mnr. G. Moerdyk

Hier haal mnr. Moerdyk aan uit "Ons Vaderland". "Die name van die uitstaande argitekte wat die magistraatskantore op Standerton ontwerp het, en die Meisies Hoërskool te Pretoria, moes naregte genoem word". "Maar", vervolg mnr. Moerdyk, "hul name word nie genoem nie, en waarskynlik wel omdat geen van beide aan die Dept. van Openbare Werke verbonde is nie. Die Standertonse gebou werd 20 jaar gelede ontwerp deur mnr. Rees Poole, wat toe vir 'n jaar of so by die Departement was, maar sedert dié tyd 'n eie praktyk in Pretoria het. Die Meisies Hoërskool is 15 jaar gelede ontwerp deur mnr. Pilkington, wat, nadat hy van die Departement weg was, eers 'n vrugtelose poging aangewend het om in die stad te praktiseer, maar noual sedert jare in Londen terug is, waar dit hom goed gaan".

Mnr. Moerdyk wys daarop dat éen van die redes waarom mnr. Pilkington nie hier 'n bestaan kon maak nie, is omdat al die werk in die hande van die Departement is, en omdat dit moeilik is om daarbuite 'n bestaan te maak. "En tog", vervolg hy, "teer die Departement noual vir twintig jaar op die roem van mnr. Poole. Ek wil graag toegee dat daar skitterende manne in die Departement is, hoewel hulle nie sodanig uitblink dat dit my verblind teen al die nadele wat aan so'n instelling verbonde is nie."

Hy noem 'n paar van hierdie nadele:

(1) Die werk word sonder mededinging somaar aan die Departement oorhandig. Dit sluit alle mededinging uit, en dientengevolge ook verbetering. Bowendien is die onkoste aan departementswerk verbonde groter.

(2) In 'n burokratiese instelling is daar nie genoeg intimiteit tussen ontwerper en gebou nie.

(3) Daar is te min verskeidenheid in die geboue, omdat hul almal deur dieselfde masjienerie vervaardig word.

Mnr. Moerdyk sê dat die Departement kla dat hul nie genoeg tekenare en kwantiteitsopnemers kan kry nie, en dat as gevolg daarvan baie noodsakelike werk moet oorstaan.

"Ek gee u die versekering," vervolg hy, "dat daar buite die Departement baie is wat graag die werk sou wil doen. As u my vra wat ek sou voorstel tot verbetering, sê ek skaf die hele Departement soos hy vandag bestaan af. Stel alleen 'n klein administratiewe liggaam daarvoor in die plek, en laat die skeppende werk doen deur private argitekte. Dit sou veel goedkoper en beter uitwerk.' As u dan vra: 'Maar wat van al die ambtenare?' dan sal ek 'n skema aan die hand gee waardeur 100pSt. van die skitterende manne en 75pSt. van die ander bly sal wees om vrywillig die Departement te verlaat. Die werk moet tog gedoen word en selfs ambtenare van die Departement van Openbare Werke sal dit liewer doen, as opsigselfstaande argitekte, dan as Regeringsklerke. As al die Regeringswerk op die mark kom sal daar ook vir hulle 'n goeie bestaan wees. Ons hoor so baie van besuiniging. Wel hier is 'n geleentheid om duisende ponde te bespaar!"